INHOUD

INLEIDING 1

ONDERWYS

Beheerliggaam 2
Onderwyspersoneel 4
Nie-doserende personeel 5
Ouer-onderwysersvereniging 6
Ondersteunersklub 7
Leerlingraad 8
Verteenwoordigende Raad van Leerders 9
Inskrywing en Skoolbywoning 10
Eksamenuitslae 2006 11
Top akademiese skool 2006 11
Vakkeuse 11
Onderwyser:Leerder-verhouding 12
Top 10-kandidate 13
Olimpiades 13
Loopbaandae 14

BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE

Geestelik

Verenigende Christen-Studentevereniging 15
Skoolverlaterskamp 16

Kultuur

Spraakkuns 16
Vasvra 18
DF Applous 18
Skooltydskrif - *Malherbiet* 20
Koor en Musiek 20
ATKV DF Patatters 21
Kultuur Prysuitdeling 2007 21

Matriektoer 23
Matriekdans 23
Noodhulp 24
Bloedskenk 24

Sport

Atletiek 24
Baldans 26
Gholf 27
Hokkie (dogters) 28
Hokkie (seuns) 29

Krieket (seuns) 30
Krieket (dogters) 31
Landloop 31
Muurbal 32
Netbal 33
Rugby 34
Skaak 35
Tennis 36
O.P. Verteenwoordigers 37
Ander Prestasies 38

FINANSIES 41

IN MEMORIAM 42

ALGEMEEN
Gebedsgroep 42
D.F. Malherbe Gedenkweek 42
Bemarking 43
Oudskoliere 43

'N DRINGENDE VERSOEK 43

TEN SLOTTE 43

Die fondament van elke nasie
is die opvoeding van sy jeug.
DIOGENES

JAARVERSLAG : 2006/2007

1. **INLEIDING**

Hierdie afgelope jaar was soos dié daarvoor ‘n interessante een met baie hoogtepunte, heelwat laagtepunte (weer eens genadiglik baie minder as die hoogtepunte) en nog veranderinge. Dit sal seker onder andere onthou word daarvoor dat dit die laaste jaar was waar die “ou” sillabus (sg NATED 550) gevolg is - 2007 se Matrieks is die laaste groep wat hierdie eksamen skryf. Dan was dit ook die eerste keer dat al die opvoeders gestaak het, en op 1 Junie was daar gevolglik geen onderrig nie. (Die meeste onderwysers-unies se staking het langer as een dag geduur, maar DF-opvoeders wat aan hierdie unies behoort verdien lof daarvoor dat hulle wel ná 1 Junie vir diens aangemeld het.)

Ander verwikkelinge was die invoer van Ingenieurs-Grafika en Ontwerp in Graad 10, asook Visuele Kuns as ‘n agste vak. Laasgenoemde word saam met ons bure van Theodor Herzl na-ure geneem. Die Graad 11's (baanbrekers van die NKV) skryf ‘n eksterne eksamen aan die einde van die jaar. Die leerders (miskien juis die nie-leerders!) sal seker die mees opgewonde wees oor die invoer van Bal-dans as ‘n buitemuurse aktiwiteit - ook saam met Theodor Herzl.

Dit is met groot dankbaarheid dat ek kan sê dat, ten spyte van baie omwentelinge en belemmerende faktore, Malherbiete kon presteer en ‘n hoë standaard nog steeds gehandhaaf kon word. Dit was onder andere die gevolg van die toewyding van leerders en personeel, die ondersteuning van ouers en ander persone of instansies, maar veral van die krag en genade van dié Here op Wie ons nog steeds kan vertrou.

Hierdie verslag word dus aan u voorgehou met die geloof dat u ook, met die deurlees hiervan, oortuig sal wees dat daar nog steeds oorvloedig rede is tot trots en dankbaarheid.

2. **ONDERWYS**

2.1 **BEHEERLIGGAAM**

Die verkose Beheerliggaamlede tydens 2007 was:

Voorsitter:	Prof. J.J. van Wyk
Onder-voorsitter:	Mnr. P. Horn
Sekretaresse:	Mev. P. Vosloo (opvoeders)
Tesourier:	Mnr. M. Petzer
Addisionele lede:	Adv. L. Crouse
	Mev. R. Dippenaar
	Mev. D. Ferreira
	Dr. A.C. Geyer
Skoolhoof:	Mnr. P. Hauman (ex officio)
Personeelverteenwoordigers	Mnre. D. Bezuidenhout, H. Potgieter
Leerderverteenwoordigers:	Jani Venter, Jacomien Hauman

Die jaar 2007 is met baie moed en entoesiasme aangepak, maar dit is ongelukkig gedemp deur die stadige invloei van inkomste uit ouergeledere. Geen vordering kon dus gemaak word met kapitaal-projekte soos die teerblad, die leerdersentrum, uitbreiding aan die rekenaarsentrum en die bou van ‘n lokaal vir Gasvryheidstudies nie. In 2008 is dit noodsaaklik om van hierdie projekte asook geboue-onderhoud uit te voer. ‘n Baie dringende en ernstige beroep word dus gedoen op alle ouers om asseblief:

1. skoolgeld te betaal, selfs al kwalifiseer u vir kwytskelding;
2. alle fondsinsamelingspogings van die Bemarkingspan en enige ander persoon of persone te ondersteun;
3. die OOV en die Ondersteunersklub en hul projekte en ondernemings aktief te ondersteun;
4. self individueel en as klas- of ander soort ouergroepe aan te bied om iets te doen waarby die leerders baat sal vind, soos byvoorbeeld kleedkamergeriewe te verf, verbeteringe aan die terrein en geboue aan te bring, en/of fondsinsamelings te hou;
5. voornemende kopers of verkopers van eiendom na mev. Burns te verwys. Sy sal met die borg, Rezone, skakel en indien verkope plaasvind, sal die skool kommissie daardeur verdien.

Ons maak staat op elke persoon betrokke by DF om dit weer in 2008 dié staatmakerskool van die Metropool te maak. Elkeen se pogings en bydrae daartoe word ten seerste waardeer en ons dank u by voorbaat daarvoor.

My wense vir DF en almal wie betrokke is daarby, is:

1. dat die hele Skoolgemeenskap as ‘n span sal saamwerk in die beste belang van die leerders;
2. dat die toekoms slegs rooskleurig sal wees; en
3. dat u almal, individueel en kollektief, ryklike seën sal ontvang - nie slegs in 2008 nie, maar ook daarna.

Ondersteun ook asseblief die lede van die Beheerliggaam in hul pogings om vir u van diens te wees.

(Prof. Kobus van Wyk - UITTREDENDE VOORSITTER)

Teen die einde van die jaar is Jani Venter deur J.C. Wagener vervang as een van die leerder-verteenwoordigers.

Baie dankie aan prof. Van Wyk wat nou uittree aangesien hy in 2008 nie meer ‘n ouer van die skool sal wees nie. Hy het die skool vir 4 jaar met onderskeiding as Beheerliggaam-voorsitter gedien.

Jy kan mense huur om vir jou kinders se geleerdheid te sorg;
vir hul opvoeding moet jy self instaan.
C.J. LANGENHOVEN

2.2 **ONDERWYSPERSONEEL**

Skoolhoof:
Mnr. P. Hauman M.Sc., B.Ed.

Adjunkhoof:

Mnr. T.P.A.L. van Wyk B.A., H.O.D.	-	Afrikaans

Departementshoofde:

Mnr.E. Erasmus B.Comm.(Ed.), B.Ed.	-	Handelsvakke
Mnr. J. de Jager B.A., M.Ed.	-	Afrikaans
Mev. M. Hanekom	-	Handelsvakke
Mev. M. McFarlane M.A. (Maatsk.), S.O.D.	-	Geskiedenis, WGL
Mej. M. Scholtz B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Wiskunde, Engels
Mev. P. Vosloo B.A.(Hons.), H.O.D.	-	Xhosa, Toerisme

Onderwysers:

Mnr. D. Bezuidenhout B.A., H.O.D.	-	Engels
Mnr. F.W. Birkenstock B.Ed. VOO (NW)	-	Wiskunde
Mej. A. Bosch B.A.Ed. (Sek.), B.Ed., B.Cur.	-	Afrikaans
Mej. A. Carstens H.O.D. (Handel)	-	Handelsvakke
Mev. P. Gouws B.Comm.Rat.	-	Handelsvakke
Mev. D. Griffin N.Dip.Lib. en Info.Sc.	-	Rek.-geletterdheid
Mev. A. Hobson B.A., B.Ed. (Hons.)	-	Drama, Engels
Mnr. D. Jacobs B.A. (Hons.), MSS	-	J.O.T.
Mej. E. Jonker B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Aardrykskunde
Mej. C. Killian B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Engels, Afrikaans
Mev. C. Landman B. Mus.	-	Musiek, K&K
Mnr. L. Notuku B.A., H.O.D.	-	Xhosa
Mnr. F. O'Connell B.Sc.	-	Wiskunde, Skeinat
Mev. M. Odendaal B.Sc., H.O.D.	-	Wiskunde
Mnr. F. Roets B.Ed. VOO (NW)	-	Biologie, Wiskunde
Mev. M. Röth M.Sc.	-	Skeinat, Wiskunde
Mnr. L. Sangerhaus P.O.D., O.D. (Handwerk)	-	Houtwerk
Mev. A.M.B. Scholtz B.A., H.O.D.	-	Afrikaans, Engels
Mnr. M.L. Smith B.A. (Hons.), H.O.D.	-	Biologie
Mev. H.E. Steenkamp M.Mus.,ODMS, UVLM	-	Musiek, SW
Mev. A. van der Merwe B.A., S.O.D.	-	Afrikaans, Geskiedenis
Mnr. M. van Zyl B.A., H.P.O.D.	-	Biologie
Mev. M. Visser B.Huish. (Ed.)	-	Huishoudkunde

Ons kon aan die begin van die jaar mev. A. Hobson (in die plek van mev. Van Straten) en mnr. F. Birkenstock (Beheerliggaampos: Wiskunde) by ons verwelkom. Mnr. Birkenstock verlaat ons aan die einde van die jaar om ‘n Departementele pos op Elliot te aanvaar, en ons moet ook mnr. Kobus de Jager (ná 8¼ jaar, aftrede) en mev. P. Gouws (ná 2 jaar in ‘n deeltydse betrekking) groet. Dankie aan hulle vir hul baie gewaardeerde en lojale diens.

Mev. K. Ruddy het afgelos in die plek van mev. Gouws toe laasgenoemde met verlof was.

2.3 **NIE-DOSERENDE PERSONEEL**

Hierdie baie hardwerkende span lyk tans soos volg:

Sekretaresse:	Mev. A. Dunn
Boekhoudster:	Mev. B. Burns
Administratiewe Assistente:	Mev. F. Keyter
Bemarkingsbeampte:	Mnr. B.R. Vorster
Sport-organiseerder:	Mev. S. Ferreira
Laboratorium Assistente/Bibliotekaresse:	Mev. Z. Keyser
Voorman:	Mnr. H. Potgieter

Ná ‘n hele klompie jare van min wisseling moes daar vanjaar afskeid geneem word. Mev. Louise Peens (sekretaresse) het ná 16 jaar van uitstekende diens bedank. Mev. Maretha de Vos is in haar plek aangestel, maar het toe ‘n beter aanbod gekry en het ons ná 7 maande verlaat. Mev. Annalize Dunn is in haar plek aangestel. Ook mev. Erna Fox het ná 10¼ jaar toegewyde diens bedank om ‘n ander pos te aanvaar, en mev. Francisca Keyter is aangestel. En dan het mev. Elsa Serfontein ook ‘n beter werksaanbod gekry, en moes ons haar ook groet ná 5½ jaar se bekwame diens. Mev. Zelda Keyser het dié aanstelling gekry. Baie dankie aan al die persone vir hul lojale en harde werk.

Aan die einde van die jaar verlaat mev. Sandra Ferreira en mnr. Nardo Vorster ons ook. Eersgenoemde was vir 3¾ jaar ons sport organiseerder en mnr. Christo Scriven is in haar plek benoem. Mnr. Vorster het 6 jaar lank die pos van bemarkingsbeampte beklee nadat hy voorheen vir 29 jaar op die onderwyspersoneel was. Ons allerbeste wense gaan saam met mnr. Vorster - sy lojaliteit teenoor DF is vir ons almal ‘n wonderlike voorbeeld, en ons bedank en eer hom daarvoor. Die Ondersteunersklub gaan die bemarking van advertensieborde en ander funksies hanteer.

Dankie ook aan mev. D. Botha wat uitgehelp het ná mev. Serfontein se vertrek.

2.4 **OUER-ONDERWYSERSVERENIGING**

Gedurende die jaar het die OOV die volgende items aangepak:

- Verbetering van kommunikasie – ‘n databasis is geskep met al die ouers se e-pos adresse en nuus en gebeurlikhede is met redelike tussenposes gekommunikeer aan die ouers.
- Fondsinsameling:
  - “My School” kaart projek. Ouers is ingelig oor die agtergrond van die kaarte;
  - Motivering aan ouers om eerder van die debietorder stelsel te gebruik om skoolfonds te betaal;
  - Uitverhuur van die Roetssentrum;
  - Anna Davel, ‘n gaskunstenaar, het opgetree gedurende die jaarlikse gedenkweek gehou deur die skool;

- Verskeie eetgoed is verkoop gedurende die sportdae teen Nico Malan en Andrew Rabie;
- Mev. Finestone was die gasspreker by ‘n lentetee gehou by die skool;
- Ouers het ook bankies geborg waarop die kinders gedurende pouses kan sit.

Graag wil die OOV bestuur net dankie sê vir al die positiewe ondersteuning deur die jaar ontvang vanaf die ouers.

(Mev. Nelisia van Dyk)

2.5 **ONDERSTEUNERSKLUB**

Die klub is aan die einde van 2006 gestig met onder andere die volgende doelwitte:

- Om die buitemuurse aktiwiteite van die skool te verbeter
- Om alle behoeftige en verdienstelike leerders by te staan, finansieel of andersins.

Die klublede bestaan uit enige persoon wat enige belang by die skool het. Die bestuur bestaan uit ouers, oud-ouers, oud-leerders, borge en een verteenwoordiger van die hoof.

Die volgende bydraes is deur die jaar gemaak:

- dra by tot befondsing van drie leerders se matriektoer
- skenk fiets aan leerder wat so ‘n behoefte gehad het
- dra by tot kostes van debatsvereniging wat na Kaapstad moes gaan
- dra by tot onkostes van leerder wat vir O.P netbal verkies is
- voorsien rekenaars en drukker aan Malherbiet redaksie
- bou braaigeriewe op stoep van Roets saal
- opgradering van Roets saal: verf, televisie, meublement
- hantering van sportfunksies by die saal, verskaffing van verversings en opgradering van toebehore
- installasie van besproeiingstelsel vir sportvelde
- verskeie funksies ten einde ondersteunersgetalle te verhoog.
- braai, dans en sopaand was suksesvol en ondersteuners oor ‘n wye spektrum het dit bygewoon

DFMOK is ook aangestel as die amptelike fondsinsamelaar van die skool. ‘n Verder een jaar borgskap is met Pick ‘n Pay beding, asook met Rezone.
Van belang is die feit dat die uitgawes gedek word deur bydraes van bestuurslede en van ouers. Geen fondse word vanuit die skoolfonds verkry nie.

(Adv. Anton Kilian)

2.6 **LEERLINGRAAD**

Die leerlingraad van 2006/2007, onder leiding van Nicky du Toit, Lizelle Steunenberg (hoofleiers), Tiaan Troskie en Roné McFarlane (onderhoofleiers), het ’n uiters geslaagde ampstermyn beleef. Groot waardering is deur almal, personeel, ouers en leerders, uitgespreek vir die verantwoordelike wyse waarop hierdie span hulle pligte aangepak en deurgevoer het.

Aan die begin van hulle ampstermyn het die span Staatmakers ‘n opleidingskamp by Thomas Baines Natuurreservaat bygewoon waartydens almal mekaar goed leer ken het. Die hoofleiers het aan die einde van 2006 ‘n simposium (gereël deur die ATKV) bygewoon. Lizelle is ook gekeur om die Burger-Jeugleierskonferensie by te woon. Voorwaar ‘n prestasie! Gedurende die eerste week van die tweede kwartaal het die hele span vir ‘n kits-opvolgkamp na Sumcay gegaan. Aspekte soos Samewerking, Probleem-oplossing, Prefekteraad-funksionering, Kommunikasie, Konflikhantering, Groepmoreel en -klimaat is behandel. Hierdie opleidingsgeleenthede het as grondslag gedien vir ‘n baie suksesvolle diensjaar.

Groot moeite is deur die Staatmakers gedoen om die nuwe graad 8-leerders tuis te laat voel en hulle ten opsigte van die hoërskool te oriënteer. Ander verantwoordelikhede van die Staatmakers sluit in: hulp met dissipline, die reël van saalbyeenkomste, die byhou van ’n verjaarsdag- en plakboek, die daaglikse hys en stryk van die lands- en skoolvlag, die byhou van datums en kennisgewings op die kennisgewingborde, skakeling tussen personeel en leerders en met ander skole, ens. Die span het ook gesorg dat daar weekliks vars blomme in die skool se voorportaal pryk en met Lentedag is elke personeellid met ‘n ruikertjie verras. Rondom Valentynsdag het hulle sommer ‘n hele rits projekte aangepak. Die span het ook groot moeite gedoen om van die jaarlikse Seestap ‘n heerlike avontuur te maak. Hulle reëlings vir die geesbou tydens Interskole was ook uitstekend.

Hierdie Staatmakerspan het op vele terreine en by verskeie geleenthede die skool se naam hoog gehou en met groot eer gedien. Ons eer hulle daarvoor en dank hulle opreg vir hulle onbaatsugtige diens aan die skool en gemeenskap.

Ons kan opreg trots wees op so ’n span!

Die Staatmakerspan het uit die volgende lede bestaan:

Marelize Dalton	***Natalie O'Callaghan***
Jessica de Lange	***Janita Petzer***
Diederick Dippenaar	***Amy Rheeder***
Elsie Dippenaar	***Nadia Roberts***
Nicky du Toit	***Lindy Scott***
Ané Ferreira	***Chris Serfontein***
Kevin Fourie	***Lizelle Steunenberg***
Francois Grimbeek	***Inge Strydom***
Charlene Jonker	***Darinka Theron***
Elzahn Keyser	***Tiaan Troskie***
Adri Louw	***Tinus van Rooyen***
Jeané Maritz	***Larita van Wyk***
Karlien Matthee	***Wessel van Wyk***
Esther McFarlane	***Jani Venter***
Roné McFarlane	***Jean-Claude Wagener***

(Mnr. J. de Jager en mev. P. Vosloo)

2.7 **VERTEENWOORDIGENDE RAAD VAN LEERDERS**

Die VRL tree op as skakel tussen die personeel en leerders. 'n Opleidingsessie is in Februarie gehou. Die skoonmaak van klaskamers, bidbeurte, verjaardaggelukwensinge, ens. is onderling in registerklasse gereël.

Die VRL was ook betrokke by verskeie meningsopnames en het deel gehad aan die inisiatief om langbroeke as opsionele wintersdrag vir die dogters in te voer.

Soos in die verlede het hulle ook die huiswerkboekie saamgestel.

Die voorsitter en ondervoorsitter het die leerders op die Beheerliggaam verteenwoordig.

Die volgende leerders is vir die nuwe termyn aangewys: JC Wagener is as voorsitter en Jacomien Hauman as ondervoorsitter verkies.

8HA	Lisé Crouse en George Booysen	8VM	Tiani Wilken en Jóvan van Eck
8RT	Celeste Kieck en Pierre Hulsman	8BS	Jessica Barnard en Keith Aldridge
9CA	Joné Smith en Juandré van Heerden	9VZ	Vinette van der Merwe en Ruan Prinsloo
9OD	Megan Badenhorst en Stefan Gouws	9ST	Estelle Meiring en Jaques le Roux

10KI	Jacomien Hauman en Rikus van Eeden	10JO	Anoesjka Wehmeyer en Keith Willemse
10SA	Berenice Vermeulen en Anrich Nel	10OC	Nicolene de Jager en Llewelyn Grobler
11SC	Anria Kruger en Christiaan Crouse	11GR	Debbie Steyn en JC Wagener
11VI	Maxine Murphy en Llewellyn Barnard	11HO	Lezane McHugh en FC Marx

(Mej. A. Bosch)

2.8 **INSKRYWING EN SKOOLBYWONING**

Die onderstaande gegewens toon ons gemiddelde inskrywings en die skoolbywoningsyfer.

	2004	**2005**	**2006**	**2007**
Gemiddelde inskrywing	585	608	586	566
Persentasie bywoning	96,2 %	96,1 %	95,2 %	96,4 %

(Mnr. A. van Wyk)

2.9 **EKSAMENUITSLAE 2006**

Graad	Aantal kandidate	Aantal druipelinge	Slaagpersentasie
8	91	3	95,6 %
9	134	7	94,8 %
10	121	9	92,6 %
11	121	8	90,4 %
12	113	1	99,1 %
TOTAAL:	**580**	**28**	**95,2 %**

Die matriekklas van 2006 het die hele DF gemeenskap rede gegee om uiters trots te wees. Daar was 12 van hulle wat met 'n A-totaal geslaag het, nl. Charlotte Hauman (gesamentlik tweede in die Oos-Kaap), Marné Marais (agste), Miecke Doubell (tiende), Tanya Dutton (elfde), Leon de Beer, Wouter Ferreira, Seugnet Horn, Celeste Kruger, Charl Liebenberg, Steffan Raubenheimer, Ilze Visser en Janneke Wolmarans. 112 van die 113 kandidate het geslaag.

In die geheel gesien: nog 'n besondere hoogtepunt in 'n trotse geskiedenis van puik akademiese prestasies.

2.10 **TOP AKADEMIESE SKOOL 2006**

Tydens 'n prysuitdelingsfunksie wat deur die P.E. Distrikskantoor van die Onderwysdepartement aangebied is, is die Hoërskool D.F. Malherbe aangewys as die top akademiese skool in die Oos-Kaap. Enersyds is dit 'n prestasie wat ons baie trots en dankbaar maak. Andersyds stel dit ook die uitdaging aan die gemeenskap om voort te bou op hierdie fondament wat deur die huidige en voormalige personeellede gelê is.

Akademiese dienslewering van uitnemendheid is nie onderhandelbaar by die Hoërskool D.F. Malherbe nie!

2.11 **VAKKEUSE**

Op versoek van leerders, ouers en personeellede is daar weer indringend na ons vakkeuse vir graad 10 tot 12 gekyk.

Ingenieursgrafika en -ontwerp is in groep 6 as 'n bykomende vak in 2007 ingevoer. Nadat daar 'n samewerkingsooreenkoms met die Hoërskool Theodor Herzl en Bretten-Anne Art Studio gesluit is, is ook Visuele Kunste as agste vak ingevoer.

Uitdagings wat ons in die toekoms sal moet aanspreek, is die groot belangstelling in Rekenaartoepassingstegnologie en Verbruikerstudies asook al die logistiese probleme en finansiële implikasies wat dit veronderstel.

'n Begin is gemaak met ondersoeke na die invoering van Gasvryheid-studies, aangesien ons voel dat dit vir ons leerders se toekoms en vir die skool groot moontlikhede inhou.

2.12 **ONDERWYSER:LEERDER-VERHOUDING**

Aan die einde van 1996 het die staat se rasionalisasie in die onderwys ons skool deeglik getref. Die onderwyser:leerder-verhouding was op daardie stadium 1:17. Die 31 personeellede is deur die staat besoldig. Oornag, aan die begin van 1997, het dié verhouding verander na 1:29.

Ons is baie verskuldig aan die ouerkorps van daardie jaar wat die versiendheid gehad het om die rewolusionêre stap te neem om Beheerliggaamposte te skep en te betaal. Dit is gedoen om die standaard van onderwys waaraan die gemeenskap gewoond was te handhaaf en uit te bou. Interessant om daarop te let dat in die tyd toe die staat gerasionaliseer het, het D.F. Malherbe ook sy grootste groei in getalle beleef - 538 leerders in 1996 tot 684 in 2000.

In 2007 was die onderwyser:leerder-verhouding 1:18. Indien die personeel wat deur die Beheerliggaam besoldig word buite rekening gelaat sou word, sal die verhouding 1:29 wees. Groot dank en waardering vir die ouerkorps van 1997 wat daarvoor gesorg het dat ons nog steeds (soos in 2006 en 2007) akademiese prestasies van uitnemendheid kon bly handhaaf!

Ek het die lewe van manne en vroue bestudeer
en besef mense wat uitstyg,
is dié wat take met energie en geesdrif aanpak.
HARRY S. TRUMAN

2.13 **TOP 10-KANDIDATE**

Ons probeer om elke jaar die top 10-leerders uit elke graad by verrykingsaktiwiteite te betrek. Hierdie leerders se programme is egter baie vol met gewone skoolaktiwiteite soos sport en kultuur asook VCSV.

In die eerste kwartaal is die Volkswagen-fabriek in Uitenhage besoek. In die derde kwartaal is besoek gebring aan die Cuylerstraat Kunsgalery. Beide dié twee opvoedkundige uitstappies was baie geslaag.

Ons sal graag in die toekoms meer wil bereik met hierdie akademiese bedrywigheid.

(Mnr. A. van Wyk)

2.14 **OLIMPIADES, ENS.**

2.14.1 **Afrikaans Olimpiade**: Soos in die verlede het ons leerders uitsonderlik in hierdie eksamen presteer. Roné McFarlane het die eerste plek in die Oos-Kaap behaal. Die volgende leerders slaag ook hierdie eksamen: Seniors - Donnay Brown, Marelize Dalton, Nicky du Toit, Tiaan Jonker, Esther McFarlane, Natalie O'Callaghan, Janita Petzer, Nadia Roberts, Lizelle Steunenberg, Darinka Theron, Larita van Wyk, Wessel van Wyk en Jani Venter. Juniors - Alet du Toit, Elizabeth du Toit, Sharlize Gaybba, Annette Greyling, Lisa Greyling, Ruan Koen, Gerhardus Röth en Annika Theron.

2.14.2 **Wiskundige Geletterdheid-Olimpiade**: Bianca Trytsman het 'n brons sertifikaat by die prysuitdeling ontvang. Die volgende leerders het Blou sertifikate verwerf: Bernhardt Botha, Leoni Davis, Liezel Killian, Aloeshca Lee, Riccardo le Roux, Jamie-Lee Venter, Keith Willemse en Carina Wolmarans.

2.14.3 **Harmony Gold Wiskunde Kompetisie**: Die volgende leerders het na die tweede rondte deurgedring: Léan Kilian, Elizabeth du Toit, Lisé Crouse, Amy Rheeder en Wessel van Wyk.

Amesa Wiskunde Kompetisie: Die volgende ses leerders het na die finaal deurgedring: Lisé Crouse, Elizabeth du Toit, Shaneen Maritz, Heinrich Basson, Xandri Schoultz, Amy Rheeder en Jeannè Scholtz. Die finale uitslae was soos volg: Amy Rheeder (graad 11 - silwer), Jeannè Scholtz (graad 10 - silwer), Liesbet du Toit (graad 9 - goud) en Shaneen Maritz (graad 9 - goud).

2.14.4 **Capitec Bank Wêreldkennis-Olimpiade**: Agt leerders het in 2007 deelgeneem aan die Capitec Bank Wêreldkennis-Olimpiade. Die vrae in die Olimpiade toets leerders se Algemene Kennis en kennis van nuusgebeure en ons hoop dat meer leerders in 2008 sal kans sien vir dié uitdaging.

2.14.5 **Sasol SciFest**: Vyf-en-twintig opgewonde, hiperaktiewe graad 11 leerders het Vrydag 23 Maart vroegoggend na Grahamstad vertrek. Die laservertoning wat die eerste op ons beplande program was het ons almal sprakeloos gelaat en ons het spontaan, net soos die 7-jariges in die ry voor ons, ook gegryp na die strale wat oor ons en om ons geskyn het.

Ons het verskeie interessante lesings en vertonings bygewoon, asook 'n musiekblyspel van die Universiteit van Rhodes. In ons vrye tyd het ons loopbaan- en ander wetenskaplike uitstallings besoek.

Ons blyplek waaroor ons aanvanklik ons bedenkinge gehad het, was uiteindelik 'n baie gesellige kuierplek.

Die SciFest uitstappie staan vir ons almal uit as een van die baie positiewe ondervindings van 2007.

2.15 **LOOPBAANDAE 2007**

Moeite word gedoen om loopbaandae vir graad 11 en 12 leerders te reël om hulle by te staan in die uitdagende taak om ‘n beroepskeuse te maak. Graad 11 leerders het die jaarlikse Inkanyesi-NMMU loopbaan-dag in die Veremarksentrum besoek waar ‘n wye verskeidenheid uitstallers beroepe aan leerders bekend gestel het.

Die NMMU-opedag is ook deur leerders bygewoon. Die Wes-Kaapse loopbaanuitstallersvereniging se uitstalling wat deur D.F. Malherbe gereël is, het aan die leerders, en ook dié van ander skole, die geleentheid gebied om kennis te maak met loopbaangeleenthede in die Wes-Kaap. Die immer gewilde “Rocking Future Roadshow” wat plaaslike loopbaangeleenthede bekendstel, het ‘n verdere kennisgeleentheid vir graad 11 en 12 leerders gebied.

Leerders word ook aangemoedig om verskeie instansies se opedae by te woon sodat kennis oor verskillende beroepe ingewin kan word en leerders ‘n meer ingeligte keuse kan maak.

(Mev. M. McFarlane)

3. BUITEMUURSE AANGELEENTHEDE

3.1 GEESTELIK

3.1.1 DIE VERENIGENDE CHRISTEN-STUDENTEVERENIGING (VCSV)

Die VCSV is ’n belangrike deel van die jaarlikse skoolprogram en bied elke jaar ’n wye verskeidenheid aktiwiteite en projekte aan waaraan leerders kan deelneem. Hierdie jaar was voorwaar ‘n besonderse jaar.

LEDETAL: Daar was ongeveer 280 ingeskrewe lede, waarvan 40 kringleiers was. Weer eens was daar ’n bestuur van 10 lede met Esther McFarlane aan die stuur, asook mej. Martie Scholtz en mnr. Derek Jacobs, die JOT onderwyser, van die personeel se kant af.

BYEENKOMSTE: Daar is gereeld Vrydagmiddae vanaf 13:30 tot 14:10 byeenkomste in kringe, en Vrydagoggende vóór skool word daar saam gesing. Woensdae tydens tweede pouse word daar in groepies op die hokkieveld saam gebid. Daar is Donderdagoggende voor skool ‘n gebedsbyeenkoms in ons nuut ingerigte gebedskamer.

BASAAR: Ons basaar was ’n reuse sukses en het ’n wins van R8 500 getoon. Leerders en ouers het almal ewe hard gewerk.

KOFFIEKROEË: ’n Koffiekroeg is elke kwartaal gehou, en die bywoning was elke keer goed.

SOPKOMBUIS: Daar is met ‘n sopkombuis begin na die Walmer Township. Leerders en ouers bring sop en brood, wat dan deur leerders uitgedeel word in die *township*. Dit kry groot aftrek en maak heelparty leë mae vol!

VAS en WAKKERBLY AAND: Hierdie jaar se vas en wakkerbly aand is gehou ten bate van twee weeshuise in Indië wat deur Christene bestuur word en waar die kinders as Christene grootgemaak word. Ons het ‘n ongelooflike bedrag van R20 000 ingesamel! Prys die Here! ‘n Uitreik na Indië word beplan om die geld te gaan oorhandig, en by die weeshuise te gaan werk.

TAKKAMP: Vanjaar se takkamp was soos gewoonlik ‘n fees. Die VCSV se diensjaarspan van Jeffreysbaai het die kamp kom aanbied en dié span was voorwaar ‘n treffer. Hegte verhoudings is gesmee, lekker musiek is gemaak, fantastiese kringe is aangebied en groot groei het plaasgevind.

Baie dankie aan al die leerders en hul ouers, die personeel en die bestuur vir al die harde werk gedurende die jaar.

Weer eens gaan al die lof en eer aan ons Here Jesus Christus.

(Mnr. D. Jacobs - JOT)

3.1.2 **SKOOLVERLATERSKAMP**

Soos gewoonlik is 'n skoolverlaterskamp gedurende die Junie-vakansie gehou. Matrieks van regoor die Oos-Kaap het bymekaargekom. Die 9 Malherbiete wat dit bygewoon het, het dit terdeë geniet. Dit was volgens hulle 'n wonderlike ervaring om met matrieks uit ander skole saam te kom, en verskeie nuwe vriendskappe is gevorm. Waardevolle kennis en ervaring is opgedoen waarby ons matrieks in die toekoms baie sal baat .

(Mnr. D. Jacobs - JOT)

3.2 **KULTUURVERENIGING**

Die deelname van 'n groot aantal DF leerders aan ons kultuur-bedrywighede is 'n riem onder die hart. Hul positiewe ingesteldheid en entoesiasme het tot baie mooi prestasies gelei.

3.2.1 **SPRAAKKUNS**

Die Redenaars- en Debatsvereniging het 'n baie besige jaar beleef. Die jaar is afgeskop met 'n opleidingsgeleentheid vir leerders wat nog nooit vantevore aan 'n redenaarskompetisie deelgeneem het nie.

Dertig leerders het aan die Senior Redenaarsaand deelgeneem. Die standaard was, volgens die beoordelaars, ongelooflik hoog. Aangesien daar so baie deelnemers was, moes die onvoorbereide rondte uitgestel word. Uiteindelik is Roné McFarlane (eerste), Esther McFarlane (tweede), Wessel van Wyk (derde) en Lindy Scott (vierde) as die wenners aangewys.

Op Vrydag 11 Mei is die ATKV Redenaarskompetisie se eerste rondte gehou. Omtrent 80 redenaars vanaf Joubertina tot Graaff-Reinet en Somerset-Oos het hieraan deelgeneem. Ons juniors, Lisé Crouse en George Booysen, het hul debuut gemaak en hulle so goed van hul taak gekwyt dat hulle tot die onvoorbereide rondte deurgedring het. Die drie rose - Roné, Esther en Lindy - het tot die onvoorbereide rondte (seniors) gevorder. Hulle is al drie toe gekies om op 1 Junie aan die halfeindrondte deel te neem. Ongelukkig moes Lindy onttrek, omdat sy die O.P. in die Interprovinsiale Debatkompetisie in Bellville verteenwoordig het. Roné en Esther het soos gewoonlik DF se naam hoog gehou. Roné het puik presteer deur dié halfeindrondte te wen.

Hierna het Roné, as die Oos-Kaapse wenner, aan die Nasionale Senior Redenaarskompetisie in Vanderbijlpark deelgeneem en hier wen sy toe die volgende: Beste taalgebruiker (R300, Este Coetzee wisseltrofee en goue medalje); Beste dogter (J.Z. Venter wisseltrofee en goue medalje), Beste onvoorbereid en Algehele wenner (R1 700, ATKV Wisseltrofee en goue medalje). Dit is voorwaar 'n uitmuntende prestasie en DF kan met trots spog dat die beste senior redenaar in die land hier by ons is!

Tydens die Tussenskoolse Redenaarskompetisie sou Jacomien Hauman en Esther McFarlane DF verteenwoordig het. Die kompetisie moes ongelukkig gekanselleer word as gevolg van organisatoriese probleme.

Wat debat betref, het dit ook besonder goed met ons leerders gegaan.

Op Saterdag 3 Maart is die eerste rondte van die ATKV Debatkompetisie by DF gehou. Hierdie is die grootste kultuuraktiwiteit van die jaar wat by ons skool plaasgevind het, as 'n mens die belangrikheid van die kompetisie en die deelname van ander skole in ag neem. Verskeie van ons lede het as beamptes opgetree en die DFM-ATKV-tak (Die Patatters) het as die verversingkomitee opgetree.

Ons ervare senior span, Amy Rheeder en Lindy Scott, is vir die derde agtereenvolgende jaar gekies om die O.P. teen die Wes-Kaap en Suid-Kaap te verteenwoordig. Ons junior span bestaande uit Annika Theron, Amari Annandale en Juandré van Heerden het vir die eerste keer deelgeneem.

Op 2 Junie het Amy en Lindy in Kuilsrivier aan die halfeindrondte van die ATKV Debatskompetisie deelgeneem. Hul debat was beslis die lewendigste en spannendste van die dag.

'n Interne Dink-of-Sinkdebat tussen die graad 12 seuns- en dogterspanne het die Malherbiete geboei.

Tydens die jaarlikse Interskole teen Hoërskool Nico Malan het DF se span (Lindy Scott, Amy Rheeder, Nicky du Toit en Wessel van Wyk) oor die opponente geloop en weer eens die beker verower.

Dankie aan al die Malherbiete wat vanjaar aan die onderskeie kompetisies deelgeneem het of die deelnemers ondersteun het.

Dankie ook aan die Ondersteunersklub vir hul finansiële bystand met die vervoerkoste van ons deelnemers.

(Mej. A. Bosch)

3.2.2 **VASVRA**

DF se vasvraspan bestaande uit Zebeth Glöss, Leo Hulsman, Carina Scheepers en Liesl Scheepers het ons by die jaarlikse Interskole teen Nico Malan verteenwoordig. Die stryd was taai en DF moes ongelukkig die knie teen hul opponente buig.

(Mej. C. Killian en mnr. D. Bezuidenhout)

3.2.3 **DF APPLOUS**

Vanaf die eerste kwartaal was die leerders druk besig om aan ‘n aantal eenbedrywe vir die Eenbedryfaand te werk. Sewe toneelstukke is in Mei gedurende die Gedenkweek opgevoer waarvan drie deur die leerders self geskryf is. Die regie is deur die leerders self hanteer. Die toneelstukke was van ‘n hoë gehalte. Die leerders het die gehoor, ‘n vol saal, met hulle energieke vertolkings geboei. Die aand se tema was *Toneelwerf* en tafels is versier deur leerders wat Verbruikerstudie as vak neem. Die beoordelaars het die volgende toekennings gemaak: beste akteur - Tertio Esterhuysen, beste aktrise - Roné McFarlane, beste stuk - *Binnekant buite/onderstebo* en die beste regisseurs Esther en Roné McFarlane.

Vier van hierdie eenbedrywe, naamlik *As Nefie kom kuier*, *Liewe Kersema*, *Die Poppemeester* en *Binnekant buite/onderstebo*, is ingeskryf vir die ATKV-Tienertoneelfees. Die doel hiermee was om aan soveel moontlik leerders blootstelling te gee aan ‘n toneelkompetisie ten einde ‘n hoë standaard te handhaaf. Die Oos-Kaapstreek se rondte het aan die einde van Junie plaasgevind en DF se toneelstukke het die eerste (*Die Poppemeester*), tweede (*Binnekant buite/onderstebo*)en derde (*As Nefie kom kuier*) plekke behaal. Jani van Wyk, Emma Kotze (vertolking en regie), Roné McFarlane, Esther McFarlane en Lindie van Zyl het silwer sertifikate (80 - 89 %), en Karlien Matthee, Lindy Scott, Kay-Leigh Pike en Roné McFarlane (regie) het brons sertifikate (70 - 79 %) verower. Die terugvoering van die beoordelaars, Johan Nel en Denise Newman, was baie positief. Dit was ‘n goeie leergeleentheid en DF se leerders het met trots deelgeneem.

Een van bogenoemde toneelstukke, *Die Poppemeester*, is ook ingeskryf vir die General Motors Hoërskool Drama Kompetisie. Omtrent 18 skole het vir hierdie kompetisie ingeskryf. Ons leerders het hulself oortref en het baie goeie reaksie van die gehoor ontlok. Hulle het deurgedring na die finale aand waar net vier stukke opgevoer is. *Die Poppemeester* is die aand derde geplaas en hulle het R1 500 verdien. Jani van Wyk het ook ‘n prys vir vertolking gekry. Die groep is ook uitgenooi om by die VLU se streeksvergadering in Oktober op te tree.

Gedurende die Gedenkweek in Mei het twaalf leerders ook ‘n kort program opgevoer met prof. D.F. Malherbe as die fokuspunt.

Die Port Elizabethse Afrikaanse Kunsfees is gedurende Augustus gehou. Negentien leerders het in verskeie afdelings ingeskryf. Die leerders het soos volg presteer: drie het B’s verower, een ‘n B+, vyf A’s, een ‘n A+ en vier A++.

Die ATKV het ‘n dramakursus in September aangebied. Nege aspirant-Dramatiese Kunste-leerders het hierdie kursus, aangebied deur Carel Trichardt, bygewoon. Dit was ‘n verrykende twee dae.

As deel van die Graad 11 Dramatiese Kunste praktiese eksamen het die Graad 11 leerders hul eie kinderteatertoneelstukke geskep, beplan en opgevoer. Die drie toneelstukke is vir Graad 1 - 4 leerders van Laerskool Walmer-Wes opgevoer. Weer eens het die leerders van DF hul baie goed van hulle taak gekwyt en die jong gehoor betower met hulle werk. DF se naam is met trots na buite gestraal.

2007 was inderdaad ‘n baie bedrywige en geseënde jaar op drama-gebied.

(Mev. A. Hobson)

3.2.4 **SKOOLTYDSKRIF : *MALHERBIET***

Malherbiet het onder die bekwame leiding van Roné McFarlane ‘n besonder suksesvolle jaar beleef. ‘n Hoë standaard van verslag-gewing is gehandhaaf en opwindende nuwe artikels is gepubliseer. Aan entoesiasme en inisiatief het dit beslis nie ontbreek nie. Die opleidings- en geesboukamp te Seaview was ‘n besondere geleentheid en het definitief as motiverende faktor gedien. ‘n Rekordbedrag is deur die jaar ingesamel om *Malherbiet* te subsidieer.

Die glinsterende Valentynsbal, spannende Voorafnooi en ongelooflike Voorbladnooi, asook die werwing van advertensies was uiters geslaagde projekte. Sonder die ondersteuning van die skool, die ouers en sakelui van Port Elizabeth kan die redaksie nie ‘n kwartaalblad van gehalte publiseer nie. Aan almal wat ‘n aandeel in die sukses van *Malherbiet* gehad het, wil ons baie dankie sê.

Die Voorbladnooifunksie het byval by oud en jonk gevind en almal was verbaas oor die ongelooflike oorspronklikheid wat die “Afrika”-tema tot gevolg gehad het. Aan die personeellede - mev. P. Vosloo, me. M. Scholtz, mev. M. Scholtz, mev. D. Griffin en me. Killian - ‘n groot dankie, want sonder hul reuse bydrae sou daar geen *Malherbiet* gewees het nie.

(Mev. M. McFarlane)

3.2.5 **KOOR EN MUSIEK**

Die volgende leerders was vanjaar DF se verteenwoordigers in die Oos-Kaapse Jeugkoor: Zené Annandale en Herman Geyer en in die Kinderkoor: Zené Annandale, Jolene Davis, Jaun Geyer, Maré Grobler en Renate van Rensburg.

Kabaret: *Silhouette* het gedurende 2007 by ‘n paar mooi geleenthede opgetree. Hoogtepunte was hul konsert, wat op 20 Julie gehou is, asook die voorprogram vir Anna Davel gedurende die tweede kwartaal. Verdere optredes sluit in die musiekaand by Laerskool Walmer-Wes en ‘n Oggendtee vir Senior Burgers by die NG Kerk Sentraal (Seesig-gemeente).

(Mev. C. Landman)

Die volgende leerders het hulle onderskeie musiekeksamens geslaag: Jani van Wyk - Unisa prakties graad 7 (klavier) met eervolle vermelding en slaag Unisa teorie graad 5; Kristine Dutton - Unisa prakties graad 5 (klavier) met eervolle vermelding en Unisa teorie graad 5 met lof; Leoni Davis - Unisa graad 4 (klavier) met eervolle vermelding en Unisa teorie graad 5 met eervolle vermelding; Carien Gerber - Unisa prakties graad 2 (klavier) met eervolle vermelding en Unisa teorie graad 3 met eervolle vermelding. Ons is trots op hulle!

(Mev. E. Steenkamp)

3.2.6 **ATKV DF Patatters**

Die Patatters het weer die wonderlike prestasie behaal om as die aktiefste jeugtak in die land aangewys te word. Die jaarlikse Afrikaanse week was nogmaals ‘n reusesukses. ‘n Sokkie, idioomkompetisie, Afrikaanse musiek tydens pouses en ‘n oorspronklike Afrikaanse woord vir elke dag is met groot opwinding en ondersteuning aangepak. Die ATKV het ook die gemeenskap gedien, bv. briefies aan onderwyseresse op Vrouedag en die opvoering deur ‘n paar lede by ‘n ouetehuis in die omgewing.

Emma Kotze het die tak by die jaarlikse ATKV-kongres by Klein Kariba verteenwoordig.

Nuwe beoogde projekte sluit in: ‘n optrede deur ‘n kunstenaar, ge-meenskapsprojekte, ‘n Afrikaanse week en ‘n aandeel aan ‘n Boeremusiek-geleentheid wat die skool gaan aanbied.

(Emma Kotze)

3.2.7 **KULTUURPRYSUITDELING 2007**

REDENAARS:

J.H. Visser-beker vir beste junior redenaar
Lisé Crouse, George Booysen

D.C. de Villiers-beker vir beste senior redenaar
Roné McFarlane

Meriete - Lisé Crouse, George Booysen, Lindy Scott, Wessel van Wyk

Erekleure - Esther McFarlane, Roné McFarlane

Erebord - Roné McFarlane

DEBAT:

Erekleure - Amy Rheeder

SPRAAK EN DRAMA:

D.F. Applous-beker vir beste ondersteunende aktrise
Karlien Matthee, Jani van Wyk

D.F. Applous-beker vir beste ondersteunende akteur
Ulrïch Rademeyer

D.F. Applous-beker vir beste tegniese bydrae
Wilmie Scholtz

Mev. K. Barnard-beker vir beste aktrise
Roné McFarlane

Mev. B. Strydom-beker vir beste akteur
Tertio Esterhuizen

Meriete - Tertio Esterhuizen, Emma Kotze, Esther McFarlane, Roné McFarlane, Marco Markgraaff, Karlien Matthee, Marné Nel, Kay-Leigh Pike, Ulrïch Rademeyer, Lindy Scott, Jani van Wyk, Lindie van Zyl, *Die Poppemeester*

Spesiale sertifikate van *GENERAL MOTORS*
Zené Annandale, Reginald Hufkie, Abongile Mangani, Tanya Marais, Marné Nel, Wilmie Scholtz

DANS:

Fourie Wisselbeker vir ballet
Jani van Wyk

SKRYFKUNS:

Andries Ferreira-beker vir die beste skrywer graad 8 - Marlise Keller; **graad 9** - Annika Theron; **graad 10** - Emma Kotze, Jeannè Scholtz; **graad 11** - Kristine Dutton, Amy Rheeder en **graad 12** - Roné McFarlane

JOERNALISTIEK:

ATKV-beker vir Joernalistiek
Roné McFarlane

Meriete - Liza Carne, Diederick Dippenaar, Ané Ferreira, Herman Geyer, Sarel Odendaal, Janita Petzer, Esther McFarlane, Roné McFarlane, Larita van Wyk

KOORSANG:

Erekleure - Herman Geyer, Jaun Geyer, Renate van Rensburg

KABARET:

Meriete - Herman Geyer, Esther McFarlane, Roné McFarlane, Maryke Steyn, Larita van Wyk

3.3 **MATRIEKTOER 2007**

Die Matriektoer van 2007 was - 25 jaar ná die eerste toer - ryk aan tradisie. Die gees en kameraderie onder dié groep het dit baie spesiaal gemaak. Vir die eerste keer was daar Malherbiete op dié toer wie se ouers ook in hul matriekjaar dit meegemaak het.

Tradisionele klim- en staptogte soos Sterkhorn, Mount aux Sources en die Tugela wandelpad het vir 2007 se matrieks 'n eiesoortige bekoring ingehou. Die verblyf by die FAK Jeugterrein en Drakensville Omgewingsentrum het bygedra tot die uniekheid van die toer.

In 2007 het D.F. Malherbe se matrieks, net soos die matrieks 26 jaar gelede, ook die "abseiling", perdry, besoeke aan besienswaardighede en veral Kerkenberg baie geniet. Die toer slaag beslis daarin om ná al die jare voort te bou op die tyk tradisie wat 1982 se toergroep vir ons nagelaat het.

Baie dankie aan die personeel: mevv. Griffin, Landman en Janse van Rensburg asook mnre. O'Connell en Roets vir die uiters belangrike rol wat hulle op die toer gespeel het. Dit word hoog waardeer.

(Mnr. A. van Wyk)

3.4 **MATRIEKDANS**

Die Matriekdans is vanjaar weer in die Veremarksaal gehou. Op 22 Sep-tember is daar op deftige wyse van die matrieks afskeid geneem. Dit was 'n gesellige funksie en beslis 'n geleentheid wat die matrieks as 'n hoogtepunt van hul Graad 12 jaar kan onthou!

(Mev. M. Visser)

3.5 **NOODHULP**

Ons het vanjaar weer ‘n goeie noodhulpspan gehad. Die leerders het by alle tuiswedstyde diens gedoen.
Die volgende leerders het hul sertifikate ontvang: Leoni Davis, Liezl Goedde, Jaco-Louw Wolmarans en Vlak 2 - Deon du Preez en Ludwig Zietsman.

Ons wil die hoop uitspreek dat noodhulp weer in 2008 sal voortgaan om goeie diens te lewer. Dankie ook aan almal wat ‘n bydrae gelewer het.

(Mej. E. Jonker)

3.6 **BLOEDSKENK**

Danksy die Malherbiete wat so getrou hul moue opgerol het was hierdie ‘n jaar vol rekords. Dit was die eerste jaar wat ons meer as 300 eenhede geskenk het. Vir die eerste keer het ons tydens ‘n kliniek 100 eenhede geskenk.

Vanjaar is daar per kliniek gemiddeld 29 eenhede meer geskenk as in 2006 en gemiddeld 27 meer potensiële skenkers per kliniek het aangemeld. Dit doen ‘n mens se hart goed om te beleef dat Malherbiete bereid is om op te offer en te ly om hul naaste te help.

Baie dankie aan elke leerder en personeellid wat vanjaar bloed geskenk het. U het voorwaar aan iemand se lewe ‘n verskil gemaak.

Ons portuurleiers, veral Llewellyn Barnard, Jaco-Louw Wolmarans, Deon du Preez en Marelie Swart, verdien beslis ’n pluimpie vir die onbaatsugtige diens wat hulle gelewer het.

(Mej. A. Bosch)

3.7 **SPORT**

3.7.1 **ATLETIEK**

Ons Kleurebyeenkoms is verander sodat die leerders in graad-verband meeding. Daar was vooraf gemengde gevoelens oor die verandering, maar enige persoon wat dit bygewoon het, sal kan getuig dat daar ongelooflike gees was en dat dit definitief ‘n reuse sukses was. Die Blouspan (graad 11) het die atletiekbyeenkoms gewen met 17 254 punte, gevolg deur Swart (graad 10) met 14 062 punte, Groen (graad 9) met 13 912 punte, Rooi (graad 8) met 13 719 punte en Wit (graad 12) met 13 506 punte. Die geesbeker is gewen deur die Witspan. Dankie aan almal wat so entoesiasties deelgeneem en ondersteun het!

Ons atlete het tydens die Interskole byeenkoms teen Hoërskool Nico Malan baie beter gevaar as in die verlede en mooi prestasies gelewer. Die deelname was verblydend en voorspel goeie vooruitsigte vir DF se atletiek. Ons verloor die Interskole atletiek met 834 punte teenoor 968 punte.

DF was, soos in die verlede, goed verteenwoordig by die Sone 8 byeenkoms (±190 atlete). Ons atlete was by hierdie byeenkoms kompeterend genoeg om 42 eerste, 32 tweede en 35 derde plekke te behaal. Die volgende aflosspanne het ook tydens dié byeenkoms gekwalifiseer om aan die P.E. Hoërskole byeenkoms deel te neem: Dogters o/14, o/15, o/16 en o/17 asook seuns o/14, o/16, o/17 en o/19.

Daar het 92 van ons atlete gekwalifiseer om aan die P.E. Hoërskole byeenkoms deel te neem. Hulle het die skool met trots verteenwoordig en het 9 eerste, 12 tweede, 14 derde en 19 vierde plekke behaal. Die volgende prestasies kan uitgelig word: Reginald Hufkie (o/15)- eerste plek (stap) (hy verbeter die PE Hoërskole rekord van 36:30 na 28:23); Lutske Doubell (o/14) - eerste plek (200 m), tweede plek (80 m hekkies), derde plek (100 m); Natascha de Villiers (o/19) - eerste plek (1 500 m); Ané Ferreira (o/17) - eerste plekke (800 m en 1 500 m).

39 van ons atlete het tydens bogenoemde byeenkoms gekwalifiseer om aan die Nelson Mandela Metro Skole byeenkoms deel te neem.

Die volgende atlete word, ná die byeenkoms, ingesluit in die Nelson Mandela Metro span wat aan die Oos-Kaap Hoërskole byeenkoms in Cradock gaan deelneem het: Natascha de Villiers(o/19) - eerste plek (1 500 m); Samantha van Zyl (o/19) - eerste plek (gewigstoot), Ané Ferreira (o/17) - eerste plek (800 m) en Reginald Hufkie (o/15) - eerste plek (5 000 m stap).

Bogenoemde atlete het hulle baie goed van hulle taak gekwyt teen die Oos-Kaap se bestes en behaal die volgende uitslae: Natascha de Villiers - goue medalje, Samantha van Zyl - goue medalje, Ané Ferreira - brons medalje en Reginald Hufkie - goue medalje. Baie geluk aan Samantha van Zyl, Natascha de Villiers en Reginald Hufkie wat met hulle topgehalte pogings by die Oos-Kaap kampioenskappe gekwalifiseer het om aan die Nasionale Hoërskole Kampioenskappe deel te neem. Hier behaal al drie plekke in die top 10.

Ané Ferreira is gekies om aan die SA Jeug en Junior Kampioenskappe in Pretoria deel te neem. Sy behaal 'n baie goeie tyd van 2:21 in haar uitdunne.

Ons sluit die 2007 seisoen af met die jaarlikse *Die Brandwag Engen Top 10* byeenkoms. Hier behaal ons twee goue, vier silwer en vier brons medaljes.

'n Groot dankie aan al ons atlete, afrigters, personeellede en ouers wat DF se atletiek laat voortleef!

(Mev. S. Ferreira en mnr. M. Smith)

3.7.2 **BALDANS**

Baldans-sport was vir DF vanjaar 'n nuwigheid. Die entoesiasme van die leerders was 'n aanduiding dat daar beslis 'n behoefte hieraan is.

120 van DF se leerders het saam met 20 leerders van Theodor Herzl op Dinsdag 6 Februarie die eerste les, aangebied deur mnr. R. Sanderson-Smith, bygewoon.

Die samewerking tussen die twee skole het albei bevoordeel - Theodor kon dit, weens getalle, nie alleen aanbied nie en DF kon die Theodor Herzl skoolsaal gebruik as ons saal nie beskikbaar was nie.

<u>Interskole Kompetisie</u>

Op 19 Mei het DF aan ons eerste Interskole Kompetisie, by Hoërskool Collegiate, deelgeneem. Die kompetisie is bygewoon deur 25 van ons leerders. Nege skole is verteenwoordig, naamlik Alexander Road, Collegiate, Grey, Framesby, Pearson, St George's, Westering, Victoria Park en D.F. Malherbe.

Drie DF paartjies het aan die finale rondte deelgeneem. Jaco-Marié de Wet en Jaco-Louw Wolmarans het eerste gekom en 'n goue medalje ontvang! DF behaal 'n algehele vierde plek, waarop ons baie trots is!

<u>Dans-Gradering</u>

Gedurende die naweke 24, 25 Augustus en 1 en 2 September het 31 van ons leerders aan die Dans-Graderingseksamen deelgeneem. Sewe leerders behaal 90 %, 10 bo 85 % en 14 behaal tussen 75 % en 85 %.

Dansbal

Die jaar word op 5 Oktober afgesluit met ‘n baie suksesvolle bal in ons skoolsaal. Die leerders het baie elegant gelyk, hulle puik gedra en dit vreeslik geniet.
Ons hoop om volgende jaar nog meer dansers te betrek!

(Mev. A.M.B. Scholtz)

3.7.3 **GHOLF**

Ons kan terugkyk op ‘n baie suksesvolle jaar wat gholf betref. Beide die eerste en tweede gholfspanne het hulle man goed gestaan.
Ons eerste span het ‘n goeie gemiddelde gehandhaaf in ‘n baie sterk kompetisie, net soos die tweede span wat teen ander skole soos Westering, Alex, H.T.S. Newton en Pearson se eerste spanne moes speel.
Tydens die uitkloptoermooi van die O.P. het DF weer vierde geëindig voor skole soos Framesby, Brandwag en Daniël Pienaar.
Die 2007 se kampioenskappe is bepaal deur die beste gemiddelde van alle wedstryde gespeel te neem. Baie geluk aan Sean Roux (senior) en Ruan Prinsloo (junior) wat vanjaar se kampioene is.
Graag wil ons dankie sê aan ons matrieks, Michael Vermeulen (kaptein), Stephann Pretorius, Chris Serfontein en Reinhardt Steenberg, vir hul baie positiewe bydrae die afgelope vyf jaar.
Ons verlies is dus groot maar ons voel positief oor die juniors wat agterbly. Saam met die ander seniors in spanne behoort dit nog altyd goed te gaan in 2008.
’n Baie suksesvolle gholfdag is op 10 Maart gehou en sal weer op 8 Maart 2008 by *Shark River* Gholfklub plaasvind.
Hoewel albei gholfspanne Interskole verloor het, het die ondersteunings-groep die bordjies verhang en maklik gewen.

Dank aan:

- *Shark River* Gholfklub vir alles wat aan ons gholfspelers aangebied is. Ons waardeer dit opreg.
- Alle ouers en borge vir groot ondersteuning tydens Gholfdag;
- Meneer Ouboet du Preez vir groot hulp tydens Gholfdag gelewer;
- Ons Hemelse Vader wat ons so getrou bewaar het.

(Mnr. T. van Zyl)

3.7.4 **HOKKIE (DOGTERS)**

Ná die afgelope wonderlike seisoene wat DF Hokkie beleef het, is daar met groot afwagting uitgesien na die 2007-seisoen. Weer eens het DF se hokkiespelers ons nie teleurgestel nie! Ten spyte van baie sterk kompetisie in die Premier-liga het die eerste span baie goeie rekenskap gegee en deurgaans DF se naam hoog gehou.
Daar is vanjaar ses spanne in die verskillende ligas ingeskryf; ‘n eerste, tweede en derde span asook twee onder 16 spanne en ‘n onder 14 span.
Namens al die spelers en ouers wil ek graag ons dank betuig aan die 2007 afrigters vir hulle entoesiasme, toewyding en wonderlike gesindheid. Ons sou dit nooit sonder julle kon doen nie! Hulle is mej. C. Killian (onderwyseres) en buite-afrigters mevv. K. Hauman, C. de Witt en C. Kruger, mejj. R. van Jaarsveld, M. Rademan en M. Broodryk (doelwagters). Nog ‘n groot woord van dank aan mej. C. Rietmuller wat gereeld op Saterdae as skeidsregter opgetree het.
’n Baie groot woord van dank aan al die ouers vir julle wonderlike ondersteuning tydens oefeninge en wedstryde. Dankie vir julle ongelooflike positiewe bydrae op alle terreine!
DF Hokkie en julle dogters waardeer dit baie.

2007 seisoen is afgeskop met ‘n uiters geslaagde afrigtingskursus wat aangebied is deur me. Rona Roelofse (D.F. Malan). Die eerste en o/16A spanne was deel van die afrigtingskursus en almal het baie daarby gebaat.

‘n Besondere hoogtepunt was die eerste span se gelykop-uitslag by Interskole. Sodoende kry ons uiteindelik ons hand op die Van Zyl skild.

Hiermee die toekennings gemaak vir die 2007 seisoen:

Beste vordering o/14:	Bianca Deysel
Beste vordering o/16:	Nicola Alberts
Beste vordering o/18:	Zené Annandale
Beste speler o/14:	Jackie du Preez
Beste speler o/16:	Meake Brown
Beste speler o/18:	Lizelle Steunenberg

Meriete is aan Kristine Dutton, Jacomien Hauman, Anria Kruger, Esther McFarlane, Roné McFarlane, Lizelle Steunenberg en Jani Venter toegeken.
Baie geluk ook aan Jacomien Hauman wat gekies is vir die O.P. o/16 Metrospan en Lizelle Steunenberg wat as reserwe gekies is van dieselfde o/18 span.

Die uitslae van die 2007 seisoen:

Span	Liga	Aantal wedstryde	Wen	Verloor	Gelykop
1ste	Premier	8	4	3	1
2de	3de	9	1	6	2
3de	4de	6	2	3	1
o/16A	o/16B				0
o/16B	o/16C	7	1	6	0
o/14	o/14C	5	2	3	0

'n Spesiale woord van dank aan Lizelle Steunenberg (kaptein) en Jani Venter (onderkaptein) wat ons eerste span op 'n besondere wyse gelei het.
Spelers van 2007, julle bly ons trots!

(Mev. P. Vosloo)

3.7.5 **HOKKIE (SEUNS)**

'nGroep toegewyde entoesiastiese seuns het DF se naam hoog gehou.
Twee spanne, 'n o/16 en o/18 span, het in die tweede liga meegeding teen somtyds sterk opponerende spanne. Ons kan trots wees op die onverskrokke wyse waarop ons spelers meegeding het. Ons eerste span het die voorreg gehad om baie van hulle wedstryde op Astro te speel.
Uitslae vir die o/18 span: 15 wedstryde gespeel waarvan 3 gewen is en 3 gelykop was.

Tydens die Sport Prysuitdeling is die volgende toekennings gemaak:

Beste vordering o/16	-	Marinus Prinsloo
Beste vordering o/18	-	Christiaan Crouse
Beste speler (junior)	-	J.P. Cronjé
Beste speler (senior)	-	Nicky du Toit

Meriete is ook toegeken aan André Calitz, Shandon Carvalho, Christiaan Crouse, Nicky du Toit, Gerhard Grobler, Riaan Grobler en Sarel Odendaal.
Geluk aan ons spelers met 'n goeie seisoen.

(Mev. M. Odendaal)

3.7.6 **KRIEKET (SEUNS)**

Ons het vier spanne ingeskryf vir die 2007 seisoen, naamlik:

eerste span	-	eerste liga
tweede span	-	derde liga
0/15A span	-	0/15B liga
0/14A span	-	0/14B liga

Gemengde sukses is in hierdie seisoen behaal.

Die o/14 span het baie goed gepresteer en het die meeste van hul wedstryde gewen.

Spelers soos Christiaan Dempers, wat gereeld groot tellings gemaak het, en Clinton Wolmarans, wat met die kolf en bal goed gevaar het, het uitgeblink.

Daar is weer aan die Framesby se Sewe-aan-'n-kant toernooi deelgeneem. Dit was ook die tweede jaar dat ons aan die Standard Bank Pro-Twintig Toernooi by Despatch deelgeneem het. Ons was een van sestien spanne wat op uitnodiging deelgeneem het.

Dankie aan die volgende onderwysers wat gehelp het met die krieket-afrigting: mnre Bezuidenhout, Erasmus, O'Connell en Sangerhaus.

Ons wil ook dankie sê aan Ulrïch Rademeyer, wat elke Saterdag en sommige weeksdae as tellinghouer opgetree het, sowel as aan mnr. en mev. Van der Merwe wat elke Saterdag die snoepie bedryf het, en dan ook aan alle DF ondersteuners.

(Mnr. F. O'Connell)

3.7.7 **KRIEKET (DOGTERS)**

Daar was twee spanne in die ligas en gemengde welslae is behaal. Die eerste span het in die eerste liga gespeel. Die span het 3 wedstryde gewen, 1 gelykop gespeel en 3 verloor. Die tweede span het 4 wedstryde gespeel en 4 verloor.

Op individuele gebied het Marizanne Kapp en Heidi Felix uitsonderlike prestasies behaal. Marizanne het die O.P. Senior Vrouespan op gereelde basis verteenwoordig. Sy was ook lid van die SA Binnenshuise Krieketspan wat in Engeland deelgeneem het. Sy en Heidi was lede van die O.P. o/19 span wat in Oudtshoorn aan die nasionale toernooi deelgeneem het. Marizanne is ook gekies vir die SA o/19 span. Baie geluk!

Ek wil graag die afrigters, Chermoné van Vuuren en Ryno van Tonder, bedank asook mev. Visser, mnre. Bezuidenhout, Erasmus, Potgieter, Willie Mostert en terreinwerkers vir hul hulp, ondersteuning en vir die voorbereiding van die velde.

(Mej. C. Killian)

3.7.8 **LANDLOOP**

Dit is verblydend om te noem dat al meer en meer van ons landloopatlete aan padwedlope deelgeneem het. Ons is ‘n klein groepie atlete, maar haal gereeld die nuusblaaie.

Die seisoen het sommer goed begin met Garth van Eck wat ‘n silwer medalje behaal het in die Twee Oseane Halfmarathon. Hy doen ook sy persoonlike beste 10 km padwedloop, 38:59 min. Heinrich Thiart het ook deelgeneem aan die mini Ystermankompetisie. Natascha de Villiers wen al die o/19 liga-wedlope waaraan sy deelneem en in die seuns o/15-afdeling is Bennie Bellingan vir ons skool ‘n aanwins met sy mooi prestasies by ligabyeenkomste sowel as op die pad. Heinrich Basson verteenwoordig ons by die Knysna halfmarathon en eindig derde in sy ouderdomsgroep. Ons word ook goed verteenwoordig by die Spar dameswedloop waar Ané Ferreira haar staal wys.

Tydens die jaarlikse Interskole teen Nico Malan wen ons beide die seuns- en dogtersafdeling. Ons neem ook deel aan ‘n skole-aflos wat by Framesby aangebied is. Ons seunsspan eindig agste uit 17 spanne terwyl ons dogter-span ‘n tweede plek uit 15 spanne behaal.

Tydens die O.P.-landloopkampioenskappe behaal Ané Ferreira ‘n tweede plek en Bennie Bellingan ‘n sesde plek. Ané word opgeneem in ‘n O.P.-span wat aan ‘n Interprovinsiale wedloop deelneem. Ongelukkig kon sy weens akademiese verpligtinge nie deelneem aan die proewe waar die Oos-Kaapspan wat aan die SA-kampioenskappe sou deelneem gekies is nie.

Meake Brown en Marinus Prinsloo word in die O.P.-Tweekampspan opgeneem en Heinrich Basson neem deel aan die Energade Driekampkompetisie.

Soos u kan sien, is ons baie bedrywig. Daar is nog soveel mooi pretasies, maar spasie ontbreek om dit alles te noem. Moedig u kind aan om by ons aan te sluit. Daar is altyd ‘n geleentheid vir almal.

Baie dankie aan Leonardo de Villiers vir sy ondersteuning en hulp asook aan al die atlete wat so getrou op hul pos is. Mag Landloop in DF van krag tot krag gaan!

(Mej. A. Carstens)

3.7.9 **MUURBAL**

Die leerders is nog bevoorreg om deur Sticks Viljoen afgerig te word.

Die sterre in vanjaar se span was Lizelle Steunenberg en Ruan van Wyk. Ons is baie trots op dié twee wat vanjaar vir die O.P. span gespeel het.

Ruan van Wyk het tydens die O.P. Interprovinsiale muurbaltoernooi in Kemptonpark in die B-span gespeel en het 3 uit 5 van sy wedstryde gewen. Die O.P het in totaal tweede gekom in die B-afdeling en ‘n silwer medalje verwerf. Hulle het met 2 punte teen W.P. verloor.

Die res van die span se spel het ook pragtig verbeter. Ons sal die Matrieks (LIzelle Steunenberg, Marcel Meyer en Eduard van Wyk) volgende jaar baie mis.

Gelukkig is daar ook baie nuwe talent. Ons sien dus met groot verwagting uit na 2008 se wedstryde!

Baie dankie aan mnr. Viljoen vir sy afrigting en lojaliteit.

(Mej. E. Jonker)

3.7.10 **NETBAL**

Ons het die netbalseisoen reeds in die eerste kwartaal afgeskop met die Despatch toernooi waar ons eerste span deelgeneem het. Die uitslae was soos volg: klop Cradock (9-7), Hangklip (14-0), Burgersdorp (12-5) en verloor teen Brandwag (4-11), Nico Malan (4-12) en Gill (9-11).

Die volgende tabel som die uitslae in die liga-wedstryde op.

	Wedstryde	**Wen**	**Gelykop**	**Verloor**
o/19A	8	6	0	2
o/19B	8	4	0	4
o/19C	6	5	0	1
o/19D	4	3	0	1
o/16A	6	3	0	3
o/16B	6	2	0	4
o/16C	6	4	0	2
o/16D	4	2	0	2
o/14A	7	5	0	2
o/14B	6	4	1	1
o/14C	4	2	0	2

Baie geluk aan die volgende speelsters wat in Oos-Kaap spanne opgeneem is: Lee-Zaan Kapp (o/14), Natasja Gerber en Melany Bain (o/17) en Larita van Wyk (o/19).

In Mei is twee van ons speelsters, Natasja Gerber en Zusi Seyisi (nie gespeel nie), in die Oos-Kaap o/19 SA Spele netbalspan opgeneem. Ná die SA Spele wat in die September vakansie plaasgevind het is Natasja is gekies as een van die 12 wat in die o/19 SA span opgeneem is. Dis voorwaar ‘n prestasie om op trots te wees!

Tydens vanjaar se Sport Prysuitdeling is die volgende toekennings gemaak:

Beste vordering o/14 - Lindy Janse van Rensburg / Janien Raubenheimer
Mees belowende speler o/14 - Lee-Zaan Kapp
Beste vordering o/16 - Lynette de Beer
Mees belowende speler o/16 - Lindie Petzer
Beste vordering senior - Melany Bain
Beste senior speler - Adéle Botha

Meriete is toegeken aan Charlene Jonker, Zusi Seyisi en Inge Strydom. Speelsters wat erekleure verwerf het, is: Melany Bain, Natasja Gerber, Lee-Zaan Kapp en Larita van Wyk.

Baie dankie aan al die ouers wat ons so getrou ondersteun het asook aan ons eerste span borg vir 2007, Uniglobe Bay Travel. DF netbal en die speelsters waardeer julle!

Aan elke afrigter ‘n spesiale dankie vir al julle tyd, opoffering en entoesiasme tydens oefeninge, wedstryde en spanbou-sessies - julle word baie waardeer! Hulle is mev. E. Fick, mev. A. Van der Merwe, mev. J. Sharp, mev. C. Landman, mev. Z. Barnard asook mej. C. Fivaz wat met die fiksheid gehelp het.

Hou vas aan jou drome en glo ALTYD in jouself - daar bestaan nie iets soos ‘ek kan nie’!

(Mev. S. Ferreira)

3.7.11 **RUGBY**

Ons het vir die eerste keer aan die Union High rugbytoernooi te Graaff-Reinet deelgeneem. Die span wat deelgeneem het was sonder graad 12 leerders (matriektoer) en het goed gevaar teen sterk opposisie. Spesiale dank aan Robert Blignault, Frans Geldenhuys en Thys van Zyl wat die groep vergesel het.

Ons is opgewonde oor die o/14 talent wat vanjaar ingekom het. Die spannetjie het aanskoulike rugby gespeel en is as “Span van die Jaar” aangewys.

Anton Crousé (Proppie) is ingesluit in die O.P. o/19 rugbyspan - baie geluk.

Ons getalle, of gebrek daaraan, dwing ons om deelname teen skole wat vir ons te groot geword het, in die toekoms te heroorweeg.

Sonder borge kan ons nie voorsien in die behoeftes van sport op skoolvlak soos wat dit vandag bedryf word nie. Baie dankie vir bydraes gelewer deur REZONE (hoofborg) en Pick ‘n Pay.

Spesiale dank aan al die afrigters vir die lang ure wat hulle ingesit dié seisoen - veral diegene wat nie op die personeel is nie, maar help uit belangstelling en liefde vir die spel (Robert Blignault, Frans Geldenhuys en die oudskoliere Werner Kriel, J.P. du Plooy en Leon Vermaak).

Baie dankie aan afrigters, vriende van DF en Unie-skeidsregters wat Saterdae ons wedstryde hanteer het. Dankie ook aan die noodhulp leerders wat met toewyding en ywer hulle taak verrig het.

Ten slotte, baie dankie aan ons ondersteuners, naamlik lede van die Ondersteunersklub, oudskoliere, ouers en ander getroues wat Saterdae hand bysit met wat ook al gedoen moet word.

Rugby uitslae 2007

Span	**Speel**	**Wen**	**Verloor**	**Gelykop**
Eerste	13	3	10	0
Tweede	11	5	6	0
Derde	8	3	5	0
Vierde	4	0	4	0
o/15	10	2	8	0
o/14	9	5	4	0

Toekennings:

Beste span prestasie - o/14
o/14 speler met meeste potensiaal - Christiaan Dempers
Beste vordering (junior) - Danie de Klerk
Junior speler met meeste potensiaal - Elandré Dalton
Tweede span speler (toewyding en sportmangees) - Rikus van Eeden
Beste vordering (senior) - Llewelyn Grobler
Meeste wedstryde vir eerste span - Johann Viljoen
Beste senior speler - Chris Serfontein

(Mnr. E. Erasmus)

3.7.12 **SKAAK**

Sewe van ons leerders het aan die SA kampioenskappe in Pretoria deelgeneem gedurende die Desember vakansie. Eduard Prinsloo, Wessel van Wyk, Heinrich Basson, Christiaan Crouse en Johannes Naudé het OP se o/20 span verteenwoordig. Hierdie span het al die ander provinsies geklop.

Ruan Prinsloo en Nicola Alberts verteenwoordig die o/16 span en die span kom derde.

Eduard Prinsloo kom twaalfde in 'n individuele senior kompetisie. Lisé Crouse kom tweede in 'n individuele toernooi vir die o/14s.

Lisé Crouse is gekies om aan die SA Junior Geslote Skaaktoernooi in Gauteng deel te neem. Sy is uiteindelik gekies om Suid-Afrika in Turkye te verteenwoordig en wen 3 van haar 11 wedstryde daar.

DF het drie spanne ingeskryf vir die liga-kompetisies. Die eerste span wen al sy wedstryde en ontvang die liga-beker vir die beste skolespan in die Metropool. Die tweede en derde span behaal gemengde resultate.

Daar is 'n interne Blitstoernooi gehou tussen die DF leerders waar Heinrich Basson eerste en Nicola Alberts tweede gekom het.

Die volgende leerders neem deel aan die OP Ope toernooi en behaal prestasies daarso: Heinrich Basson; Christiaan Crouse; Lisé Crouse; Conrad Venter en Nicola Alberts

Tydens die OP kampioenskappe behaal Nicola ‘n vyfde plek in die o/20 afdeling en wen goud vir die eerste dogter, terwyl Heinrich ‘n baie goeie agste plek behaal. In die o/16 afdeling behaal Lisé ‘n algehele vyfde plek en wen goud vir die eerste dogter.

Lisé behaal 'n eerste plek tydens die OP Dames Ope Skaaktoernooi. Die toernooi is oop vir enige ouderdom en die ouderdom wissel tussen 8 en 40 jaar. Daar was vyf rondtes en ten spyte daarvan dat Nicola een rondte gemis het as gevolg van hokkie, behaal sy 'n derde plek.

Nicola het 'n vyfde plek in Bloemfontein behaal toe hulle OP in die SA’s verteenwoordig het. Heinrich het 'n sewende plek behaal.

(Mnr. F. O’Connell)

3.7.13 **TENNIS**

Daar is met baie entoesiasme in die verskillende ligas deelgeneem. In die eerste kwartaal het drie dogterspanne en twee seunspanne met gemengde welslae hul wedstryde gespeel.

In die winterseisoen het slegs een seunspan die skool op die tennisbaan verteenwoordig en met skole soos Framesby en Pearson afgereken.

Tydens Interskole het ons 71 - 83 teen Nico Malan verloor. Geluk aan die dogters wat wel hul enkelspel kragmeting teen Nico Malan 28 - 24 gewen het.

In die vierde kwartaal is drie dogterspanne en twee seunspanne in verskeie ligas ingeskryf. As gevolg van baie swak weerstoestande het slegs enkele wedstryde plaasgevind.

Aan die spelers, ook dié wat net sosiaal kom speel het op ‘n Woensdag, hul ouers en personeel betrokke: baie dankie vir u bydrae.

(Mej. M. Scholtz)

3.8 **O.P. VERTEENWOORDIGERS 2007**

Atletiek	:	Ané Ferreira Oos-Kaap: Natascha de Villiers, Reginald Hufkie, Samantha van Zyl
Debat	:	Amy Rheeder, Lindy Scott
Hokkie	:	Jacomien Hauman (nie gespeel nie)
Jukskei	:	Juandré van Heerden, Shanice van Vuuren, Jason van Zyl

Karate	:	F.G. van Wyk, Aileen van Zyl (**nasionale** span)
Koor	:	Oos-Kaapse Jeugkoor: Zené Annandale, Herman Geyer Kinderkoor: Zené Annandale, Jolene Davis, Jaun Geyer, Maré Grobler, Renate van Rensburg
Krieket	:	Binnenshuis: Jóvan van Eck, Ryno van Zyl Dogters: Heidi Felix, Marizanne Kapp **S.A. Senior Vroue**: Marizanne Kapp
Landloop	:	Natascha de Villiers, Ané Ferreira Oos-Kaap: Natascha de Villiers
Muurbal	:	Lizelle Steunenberg, Ruan van Wyk
Netbal	:	Oos-Kaap: Melany Bain, Natasja Gerber, Lee-Zaan Kapp, Zusi Seyisi, Larita van Wyk Natasja is in die **Nasionale** o/19 oefengroep ingesluit.
Padwedloop (stap)	:	Reginald Hufkie
Perdry	:	Carla-Mari Schellink (ook **S.A**.)
Redenaars	:	Roné McFarlane
Rugby	:	Anton Crousé
Swem en Gesinchroni-seerde swem	:	Oos-Kaap: Jeannè Scholtz, Wilmie Scholtz, Maryna Slabbert Maryna het ook vir die S.A. B-span gekwalifiseer.
Skaak	:	Nicola Alberts, Heinrich Basson, Christiaan Crouse, Lisé Crouse, Johannes Naudé, Eduard Prinsloo, Ruan Prinsloo, Wessel van Wyk **S.A.**: Lisé Crouse
Tweekamp	:	Meake Brown, Ané Ferreira, Marinus Prinsloo Oos-Kaap: Ané Ferreira

3.9 **ANDER PRESTASIES**

Die volgende leerders het vanjaar ook ons skool se naam hoog gehou:

3.9.1 ***Matric of the Year***: Esther en Roné McFarlane was onder die 20 semi-finaliste in hierdie kompetisie.

3.9.2 **Krieket (Binnenshuis)**: Marizanne Kapp is by die SA toernooi as die Speler van die Toernooi aangewys.

3.9.3 **Drama**: By die *Herald* se *Showtime Junior Theatre* toekenningsaand het die volgende Malherbiete ook toekennings vir individuele prestasie (*individual achievement*) in Junior Teater ontvang: Emma Kotze, Marné Nel en Jani van Wyk.

Die volgende leerders het goed presteer in die Trinity Drama Eksamens: Graad 5 - Jani van Wyk (88 %), Zené Annandale (85 %), Emma Kotze (85 %) en Amari Annandale (81 %) en Graad 4 - Wilmie Scholtz (85 %) en Zandi Loots (85 %).

3.9.4 **Padwedlope**: Heinrich Basson en Garth van Eck is die lang-asems wat DF se naam hier deur die jaar hoog gehou het. Reggie Hufkie het in die stap-nommers baie goed presteer. Daar was onder andere mooi prestasies by die Twee Oseane halfmarathon. Garth behaal 'n silwer medalje met 'n tyd van 1 uur 29 min. 16 sek. Heinrich voltooi die halfmarathon in 'n baie goeie tyd van 1 uur 44 min. Reggie stap die 8 km in 46 min. en wen 'n goue medalje in die stap-afdeling. Bennie Bellingan het ook oor 5 en 10 km wedlope biae goed presteer.

3.9.5 **Swem en gesinchroniseerde swem**: Die Redhouse Rivier Myl is deur Maryna Slabbert, Meake Brown en Jeannè Scholtz voltooi.

Meake is gekies vir die P.E. Distrikte span, en het 'n tweede plek en 2 derde plekke by die Inter-Distrikte gala behaal.

Drie van ons leerders het ook einde Februarie aan die SA Skole byeenkoms in Kaapstad deelgeneem. Hulle is Jeannè Scholtz, Wilmie Scholtz en Maryna Slabbert. Hulle uitslae het daartoe bygedra dat die Oos-Kaap die beste posisie nog ooit verkry het en nou sesde uit al die provinsies is. Jeannè het ook 'n algehele vyfde plek in die o/16 solo kompetisie behaal - sy is nou vyfde in Suid-Afrika!

By die nasionale kampioenskappe in Durban was Maryna lid van die O.P. B span terwyl Jeannè die Senior O.P. span verteenwoordig het en 'n bronsmedalje in die Tegniese Groep inskrywing in die Ope afdeling gewen het.

3.9.6 **Perdry**: Carla-Mari Schellink se prestasies deur die jaar is te veel om hier op te noem. Sy wen bv. die drie- en vyfgang vir seniors by die Protea proewe, en word gekies om Suid-Afrika in die VSA te verteenwoordig. Carla-Mari het ook deelgeneem aan die SA Nasionale Saalperd kampioenskappe in Bloemfontein en behaal 5 eerste plekke en 2 tweede plekke. By die Senior Springbokproewe het sy in die ope afdeling drie- en vyfgang wat oor drie dae strek, vir drie dae agtereenvolgens eerste plekke behaal. Sy is ook gekies as kaptein van die driegang span. Dit is 'n uitmuntende prestasie, aangesien dit haar die land se beste saalperdruiter maak. Verder was sy een van die vier genomineerdes vir die O.P. se Sportpersoon van die Jaar.

3.9.7 **Ysterman**: Marinus Prinsloo het aan die eerste *Pritt Ironkids* kompetisie deelgeneem en het derde geëindig in die o/14 afdeling. Dit het 'n 100 m swem en 3 km hardloop ingesluit.

In die *MTN Corporate Triathlon*, bestaande uit 10 % van die ware Ystermankompetisie (m.a.w. 380 m swem, 18 km fietsry en 4,2 km draf) is DF deur twee individuele atlete asook 'n damesspan verteenwoordig. Heinrich Basson en Heinrich Thiart behaal tye van 1 uur 3 min. en 1 uur 2 min. onderskeidelik. In die spankompetisie behaal ons weer, soos verlede jaar, die eerste plek in die vroue-afdeling met 'n tyd van 48 minute - 'n verbetering van 10 minute op verlede jaar. Meake Brown het die swem gedoen, mev. Sandra Ferreira die fietsry en me. Alet Carstens die draf.

3.9.8 **Fietsry**: Coenie van den Heever het deur die jaar 'n hele klomp uitstekende prestasies behaal, soos bv. 'n eerste plek (o/18) in die *Powerade Rotary P.E. West Provincial Classic* (45 km), en 'n elfde plek in die Cape Argus (109 km).

3.9.9 ***Supermotor***: Morné Janse van Rensburg het tydens die Nasionale Supermotor wedrenne in Johannesburg agste klaargemaak. Hy behaal ook 'n agste plek by die Nasionale wedren in Kaapstad, en kom eerste by die Oos-Kaap Grens Streek-kampioenskappe.

3.9.10 **Karate**: Aileen van Zyl het aan die Qumate Karate Kampioenskappe deelgeneem en 'n vierde plek tydens die SA Kampioenskappe verower.

Andrea Meier is opgeneem in die *Nelson Mandela Bay* Karate span (Oos-Kaap). Sy het op 26-27 Oktober deelgeneem aan die *KSA National Children's Championships*.

3.9.11 **Personee**l: Mev. Sandra Ferreira het aan die *Pick 'n Pay Cape Argus* fietswedren deelgeneem en 'n baie goeie tyd van 3 uur 24 minute behaal.

Me. Alet Carstens neem deel aan die *Lake Farm* 10 km pad-wedloop, voltooi die roete in 46 min. 55 sek. en eindig as die eerste vroue-atleet.

'n Klompie van ons dogters en personeel het deelgeneem aan die Spar Dameswedloop. Mevv. Scholtz en Röth gee die pas aan met die 5 km en mev. Van der Merwe stap die 10 km in 86 min., terwyl me. Carstens 'n eerste plek in haar ouderdomsgroep behaal met 'n uitstekende tyd van 44 min. 15 sek. in die 10 km.

4. **FINANSIES**

ONTVANGSTE	
Skoolgeld	R2 403 350
Ander Inkomste	423 668
TOTAAL	**R2 827 018**
BETALINGS	
Alarm	7 811
Assuransie	50 826
Fotostaatmasjien	168 856
Brandstof en reparasies (voertuie)	30 260
Munisipale dienste	107 581
Administratiewe koste:	
Telefoon	89 762
Skryfbehoeftes (kantoor)	43 255
Instandhouding	165 102
Prysuitdeling	16 215
Sportfasiliteite	141 191
Skryfbehoeftes (leerders)	6 081
Kultuur	23 865
Advertensies	26 467
Bankkoste & Ouditgelde	33 318
Posgeld	7 245
Toiletbenodigdhede - skoonmaak	39 021
Vakuitgawes	177 864
Salarisse	1 614 144
Kapitaal Fondse (o.a. VCSV, Toerfonds, Malherhiet ens.)	198 955
Kampe	12 637
Rekonstruksie en Ontwikkeling	16 536
Lening	184 204
TOTAAL	**R3 161 196**

5. **IN MEMORIAM**

Lede van ons DF familie wat vanjaar nabye familie-lede aan die dood afgestaan het, was:

Cindy Matthews:	moeder
Mev. M. Odendaal:	moeder
Mev. M. McFarlane:	skoonmoeder
Me. C. Makeleni:	seun

6. **ALGEMEEN**

6.1 **GEBEDSGROEP**

Hierdie groepie ma's kom nog steeds weekliks bymekaar om vir die skool met al sy mense en bedrywighede te bid. Daar word ook sake vir voorbidding deurgegee, en die groepie getuig van definitiewe gevalle van gebedsverhoring. Enige ouer is welkom om aan te sluit en so van hierdie baie kosbare geleentheid gebruik te maak.

6.2 **D.F. MALHERBE GEDENKWEEK**

Die Gedenkweek het gedurende 16 - 18 Mei plaasgevind. Op 16 Mei is die Eenbedrywe, deur leerders self geskryf en geregisseer, opgevoer.

Die D.F. Malherbe Gedenklesing, altyd die hoogtepunt van die week, het dr. Ton Vosloo van Media 24 as spreker gehad. Hy het 'n baie positiewe toespraak gelewer oor die toekoms van Afrikaans in Suid-Afrika te midde van moeilike omstandighede - dat Afrikaans se lig net soos dié van 'n vuurtoring steeds sal aanhou skyn.

Ses laerskoolkore het by die geleentheid opgetree. Hulle het die gehoor bekoor met hulle pragtige optrede.

Oud-Malherbiet dr. Jacques Odendaal het 'n ere-toekenning in absentia ontvang vir sy prestasie van internasionale gehalte in vaskulêre chirurgie. Mev. Jackie Odendaal, oud-personeellid en ma van Jacques, het die sertifikaat namens hom ontvang.

'n Puik kabaretvertoning deur Anna Davel, met die skool se kabaretgroep as voorprogram, het die week afgesluit.

(Mev. M. Röth)

6.3 **BEMARKING**

Die mense wat vanjaar se Tent Makietie op ons rugbyveld bygewoon het sal sekerlik Nico Nel se kwinkslae en stories nog lank onthou. Hierdie mooi aand was 'n groot sukses en het 'n wins van R13 000 opgelewer.

Nuwe advertensieborde-kontrakte is verkry, soos Trellidor en Klinicare (teen die skoolmuur).

6.4 **OUDSKOLIERE**

Die bestuur van die Bond is deur 'n verkleinde komitee bestaande uit mnre. Brian Strydom (voorsitter), Kobus de Vos en Guy de Swardt vervang. Mnr. Strydom verteenwoordig die Oudskoliere op die Ondersteunersbklub.

Die matrieks van 1987 het 'n baie geslaagde reünie gehou waar baie lekker saam gekuier en gesels is.

□

7. **'N DRINGENDE VERSOEK**

Soos elke jaar wil ek graag hier vir ons ouers vra om asseblief vir DF (leerders, personeel, Beheerliggaam en ouers) in u gebede te dra - ons het u voorbidding steeds baie nodig. Die feit dat hierdie versoek jaarliks herhaal word, maak dit nie minder dringend nie - inteendeel, dit word myns insiens al hoe BELANGRIKER: Sal u as ouers en ander lesers asseblief vir DF (leerders, personeel, Beheerliggaam, ouers, . . .) in u gebede bly dra?

8. **TEN SLOTTE**

Hartlike en opregte dankie aan

- ons Onderwys-Ontwikkelingsbeampte, mnr. Lamprecht, vir sy ondersteuning en toewyding;
- die Distrikskantoor-personeel;
- die LUR, mnr. Makgato, vir sy bydrae tot Oos-Kaap onderwys;
- ons donateurs en weldoeners uit ouer-, oudleerder, sake- en kerlike geledere;
- ons Beheerliggaam vir opofferings en toegewyde diens;
- ons ouerkorps vir alles wat julle doen - bid, betrokke wees (onder andere deur die OOV en die Ondersteunersklub), vriendelik wees, ondersteun, kom help toesig hou, ens., ens.;
- ons bemarkingsbeampte en ons sport-organiseerder vir julle harde en lojale werk oor jare in belang van DF;
- ons media-konsultant vir baie goeie diens;
- ons voorman en terrein-personeel vir al julle harde en dikwels ondankbare werk;
- ons administratiewe personeel wat oor soveel jare so 'n groot en onmisbare bydrae tot DF gelewer het en nog steeds lewer;
- ons hardwerkende span opvoeders vir julle toewyding, dikwels onder moeilike omstandighede, asook julle gades vir hulle ondersteuning;
- die mense om wie dit gaan, ons Malherbiet-leerders, vir julle vriendelikheid en toewyding;
- ons getroue, liefdevolle en genadige Hemelse Vader, want DF kon weer die afgelope jaar beleef

Ek kyk op na die berge:
waarvandaan sal daar
vir my hulp kom?
My hulp kom van die Here
wat hemel en aarde gemaak het.

Psalm 121 : 1 en 2

P. HAUMAN
SKOOLHOOF

1 DESEMBER 2007